DIGITAAL

SENWES

# SCENARIO

KLANTETYDSKRIF VIR PRODUSENTE

SOMER 2020

## FOKUS OP PRESISIEBOERDERY




06 CONCLUSION OF SUIDWES MERGER

13 TEGNOLOGIE EN DIENSLEWERING 'N DUBBELDOORAANSLAG VIR SUKSES

26 SENWES AND THOBO TRUST LAUNCH NEW ECD CENTRE

30 DIE LUS VIR AARTAPPLES

39 SENWES CREDIT SPOG MET 'N NUWE BAADJIE

40 WEES WAAKSAAM TEEN BRUSELLOSE


Senwes

# Geseënde Kersfees

*Aan al ons klante...*

Die Feesseisoen is hier en Kersfees is om die draai! Hiermee 'n opregte woord van dank vir jou volgehoue ondersteuning. Mag vrede en vreugde jou deel wees gedurende dié spesiale tyd.

*Ons beste wense vergesel jou in 2021.*

www.senwes.co.za

Senwes

**Senwes is toegewyd tot 'n oplossingsgedrewe benadering vir elke interaksie, om die klant se besigheid vanuit sy/haar perspektief te sien en die daarstelling van 'n geïntegreerde produk- diensaanbod.**




# SENWES SCENARIO

## REDAKSIE


**Bestuurder: Korporatiewe Handelsmerke:** Johan Le Grange
☎ 018 464 7521
✉ *jj.legrange@senwes.co.za*

**Redakteur:** Kefiloe Manthata
☎ 018 464 7875
✉ *kefiloe.manthata@senwes.co.za*

**Ontwerp en uitleg:** Pieter Swanepoel
☎ 018 464 7483
✉ *pieter.swanepoel@senwes.co.za*

**Medewerkers:** Francois Strydom, Danie Minnaar, Luan du Toit, Milanie Vosloo en Johan Schoeman.

**Skrywers:** Kefiloe Manthata, Johan Le Grange en Annette Willemse.

**Advertensies:** Mariëtte Hugo
☎ 018 464 7505
📠 076 412 9756
✉ *mariette.hugo@senwes.co.za*

**Subskripsie:** Shevaun Haig
☎ 018 464 7568
✉ *shevaun.haig@senwes.co.za*

**Eienaar:** Senwes, Posbus 31, Klerksdorp, 2570
☎ 018 464 7800




- Alle regte van die inhoud van *Senwes Scenario* word voorbehou ingevolge die bepalings van Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg.
- Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings in advertensies, promosie-artikels of deur medewerkers nie.


http://fwd2.co/ScenarioApple

http://fwd2.co/ScenarioGoogle

Lees die ***Senwes Scenario*** aanlyn by *www.scenario.co.za* of laai die ***Scenario*** toepassing af. 'Like' ons Facebook-blad by facebook.com/SenwesScenario en volg ons op Twitter by @SenwesScenario

# Inhoud • Contents





Conclusion of Suidwes merger bl. 6

**Tema: Presisieboerdery**



Noodroep na brande bl. 15

### VOORBLAD

*In hierdie uitgawe fokus ons op tegnologie en hoe dit produsente kan bemagtig (sien onder meer ons artikels oor presisieboerdery en die vierde industriële revolusie). Lesers word ook op hoogte gehou van verwikkelinge in verskeie waardekettings en terugvoer word gegee oor die Senwes-Suidwes samesmelting.*

### ALGEMEEN


02 Editor's Letter: Moving forward with caution
03 Spotprent: Pieter & Tshepo
03 Oraloor gehoor


### NUUS


04 Kersboodskappe
06 Conclusion of the Suidwes merger
07 Senwes nou alleenbeheer oor Hinterland
09 SenwesEquipment Challenge training
11 Die langtermyn impak van brande op lewendehaweboerdery
12 Update on state land release
13 Tegnologie en dienslewering 'n dubbelooraanslag vir sukses
14 Noodroep na bande verwoesting saai
17 How 4IR can benefit your farming business
18 The impact of lockdown on the flower indutry's bottom line
19 Senwes Equipment now serving former Agrifriend customers
20 SAVPO-leier meen varkvleisbedryf is toekomsfiks
21 Senwes vier 111jaar van waardetoevoeging
23 Senwes presteer goed in covid-jaar
24 Senwes kersboomprojek sorg weereens vir pret en plesier
26 Senwes en Thobo Trust launch new ECD center
32 Good news for the South African citrus industry
38 Important notice to customers of Agrinet and Prodist
39 Senwes Credit spog met 'n nuwe baadjie
42 SA wildbedryf 'n dekade van groei en bloei


### LANDBOUKUNDIG


16 Belowende plantseisoen wag op saaiboere
29 Voorkoms van snywurms laat gevaarligte flikker
30 Die lus vir aartappels nog lank nie geblus
33 Digital livestock identification and traceability system a first for SA
34 Feeding Africa's cities agri's future focus
40 Wees waaksaam teen brusellose


### RUBRIEKE


02 Uit die Woord: Johan Schoeman
44 Kos vir die siel: Milanie Vosloo


### LEEFSTYL


43 Gardening: Taking care of your indoor plants
44 In the kitchen





Maak seker jy ontvang die eScenario e-nuusbrief elke week vir maatskappy- en bedryfsnuus. Teken in by www.senwes.co.za.

# Editor's letter

# Season's Greetings

***We are winding down to the last few weeks in what has been a year for the history books.***

Instead of the usual excitement that accompanies this time of the year, the air is still thick with anxiety in anticipation of what is to come. None of us is rushing to make any definite resolutions for the upcoming year because as we have come to learn that anything can happen at any moment.

More than anything, in true Christmas season spirit, we are approaching this year-end with heaps of gratitude. We are grateful to be alive, grateful to be part of a sector that has been the backbone of our country through this unforeseen crisis.

Senwes has experienced many highlights during the year, the biggest one being the merger with Suidwes. In this edition, we take you through the exciting new changes in operations brought on by the merger and showcase how the Senwes Group is driving the goal to provide integrated agribusiness solutions to their clients.

Agriculture had its moment in the sun this year. There were so many reasons to celebrate. We celebrate the highs that the sector experienced in 2020 with articles about the record grain harvest, exciting export prospects for the citrus industry and we also look to the future with articles about how technology can enhance your business.

The end of the year is not only a time for rest, but it is also a time for reflection and restoration. May the goodness of God cover you and your loved ones this festive season. And may the New Year bring renewed hope and replenished energy resources.


Merry Christmas



*Kefiloe Manthata*
EDITOR



## Uit die Woord



Johan Schoeman


# Op pad – op God se pad

***[11]Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind. Maar noudat ek 'n man is, is ek klaar met die dinge van 'n kind.*** Dis die bekende woorde van Paulus in 1 Korintiërs 13:11. Dit skets die verhaal van die lewe waarin ons leef. Nie net verwoord dit die feit dat elke individu opgroei en stelselmatig anders oor die lewe begin dink, omdat ons leer, wyser word en dinge anders doen as wat ons dit in die begin gedoen het nie, maar dit raak ook die beginsel dat ons deurlopend moet verander om in pas te bly met die uitdagings van die lewe. Dit is nie net waar in ons persoonlike lewe nie, maar ook in ons boerderyvertakking waar ons deurlopend aanpassings maak en nie meer dinge doen soos ons dit in die begin gedoen het nie.

Maar dit is veral, en dis hier waarop Paulus fokus, op ons geloofslewe van toepassing. Waar ek van kindsbeen af opgegroei het met die verhaal van "Liewe Jesus", die baba in die stal en daarna verwonderd vasgevang gestaan het oor die ongelooflike wonders wat God gedoen het en later ook deur gewone mense soos Elia, Dawid, Daniël, Petrus en verskeie ander, het ons God op ons lewenspad ook leer ken as ons Herder, en Jesus, die Wonderwerker by uitstek, as die Kruisdraer, ons Verlosser. Ons Herder na groen weivelde en waters waar rus is, ons Herder deur ons dal van doodskaduwee en deur die winters en die somers van ons lewens.

Noudat ek "groot" is en ek anders dink, praat en redeneer oor die lewe en veral ook oor my verhouding met my Herder, besef ek opnuut waar ek in God se prentjie inpas. Ek besef my afhanklikheid van Hom, daarom soek ek na Sy wil vir my lewe. My anders dink, anders praat, anders redeneer maak dat ek sekere dinge agter my sit, my verwagting opnuut in my Herder stel en saam met Hom die toekoms tegemoet stap, juis omdat ek weet Hy sal my nooit alleen laat nie! Ongeag hoe onseker my prentjie van die lewe ookal mag lyk, God ken reeds die pad wat Hy met ons elkeen stap. Inteendeel, Hy is daar en sal ons selfs dra as nodig.

**Ek bid:** Here help my om my lewenspad, saam met U te stap.




## "Oraloor gehoor..."

**FRANCOIS STRYDOM**
Senwes Group Chief Executive Officer

During the launch of the Early Childhood Development (ECD) centre at the Itokisetseng Combined School in Wesselsbron.

"The community is at the heart of this initiative and by taking ownership and custodianship of the hub, they play an integral role in enabling the future."

**WANDILE SIHLOBO**
Chief economist at Agbiz

"While the increase in diesel prices would usually be felt by grain farmers in the process of planting, good rain has allowed farmers in the central and western parts of the country to plant earlier, helping them stave off the effects of the recent diesel price increase."

**DR JACK ARMOUR**
Bedryfsbestuurder van Vrystaat Landbou

"Beeste het in sommige gevalle sewe plase ver gehardloop om van die vuur te ontsnap. Alhoewel daar geen lewensverliese was nie, is ons bewus van produsente wat ernstige brandwonde opgedoen het, en ons wens hulle 'n vinnige herstel toe."

**FRANCOIS STRYDOM**
Groep Hoof Uitvoerende Beampte

"Na die verwoestende brande in die Vrystaat en Noord-Kaap het slagoffers hoop én hulp nodig."

**JACO MINNAAR**
Agri SA Vice Chairperson

"South African grain producers were probably the best moisture managers in the world, especially producers in the more arid western part of the country's summer grain production region. These farmers have learnt to not only manage soil mosutre effectively through minimum tillage and effective weed control, but also to adapt to the volatility of the climate."

# Kersboodskappe



**2020 IS SONDER** twyfel 'n jaar wat ons vir altyd sal bybly. Die lewe soos ons dit geken het, het amper oornag tot stilstand gekom. In ons nuwe normaal hang die reuk van ontsmettingsmiddels swaar in die lug en skuil oud en jonk agter 'n gesigmasker.

Dié jaar sal ook onthou word as die jaar waarin die Suid-Afrikaanse landbou- en voedselsektor sy status as die ruggraat van ekonomiese groei en volhoubaarheid gestand gedoen het. Die sektor het nie net die tweede grootste kommersiële mielieoes ooit gelewer nie, maar ook met meer as 15% gegroei. Dit alles gedurende 'n tydperk waarin die nasionale ekonomie 'n massiewe inkrimping van 51% beleef het.

Die veerkragtigheid van die sektor het tydens die pandemie weereens na vore gekom en ons almal kan 'n les of twee hieruit leer: saam is ons hande sterkter en ons impak groter, volhard ten spyte van jou omstandighede, moenie jou doelwitte uit die oog verloor nie en verskans teen moeilike tye.

Soos die jaar na sy einde staan, wil ek u bedank vir u deursettingsvermoë en volgehoue passie in 'n tyd van groot onsekerheid en paniek. Baie dankie ook vir u besigheid. Senwes se hart klop vir sy kliënte en dié besigheidsfilosofie gee reeds vir 111 jaar die deurslag in al ons aktiwiteite en besluite. Een so 'n besluit was die samesmelting van Suidwes as deel van die Senwes Groep en ons is opgewonde oor die waarde wat hierdie groter gekombineerde landboubesigheid tot gevolg gaan hê.

Danksy julle, ons boerekliënte en ons kliënte in die verdere verwerkingskettings, kan ons aktief deelneem aan die opbou, uitbou en voortbou van die Suid-Afrikaanse landbou- en voedselsektor.

Ek wens vir u hierdie Kersseisoen rus en vrede en hartlike samesyn met u geliefdes toe. Mag die nuwe jaar 'n tyd van seën wees en mag voorspoed elkeen se deel wees.

Vriendelike groete van die Senwesspan.

**Francois Strydom**
Senwes HUB



**ONS SAL ALMAL 2020 ONTHOU** as die jaar van Covid – 19. 'n Jaar waar die wêreld tot stilstand geruk is a.g.v. die pandemie. Die Landbou industrie het oor die algemeen baie lig daarvan afgekom, maar tog het individue hulle werk verloor en het daar maatskappy konsolidasies plaasgevind.

So het Senwes en Suidwes ook hande gevat vir die toekoms. 'n Spesiale woord van welkom aan al Suidwes se personeel en klante. Ons sien uit na 'n beter toekoms saam.

Dit bring my by ons Kersboodskap vir die jaar. Na 'n jaar soos die, is mens net dankbaar. Dankbaar teenoor ons Hemelse Vader dat Hy Sy Seun, Jesus Chirstus, vir ons gestuur het, om die wêreld te verlos. Dankbaar vir die voorspoed wat landbou tans ervaar. Dankbaar dat die regering begin besef hoe belangrik voedelsekuriteit vir Suid-Afrika is.

Navorsing het bewys dat hoe meer dankbaar jy is, hoe makliker word dit vir jou om dankbaar te wees. Indien jy dankbaar is, skei jou brein serotonien (die goedvoel hormoon) af. Dit help keer dat jy nie net die negatiewe in die lewe raaksien nie. Serotonien stabiliseer jou gemoed, dit laat jou goed en gelukkig voel. Serotonien maak letterlik voetpaadjies in jou brein, wat dit moeilik maak om dan die negatiewe in die lewe raak te sien.

Die teendeel is ongelukkig ook waar, hoe meer negatief en ondankbaar jy is, hoe moeiliker raak dit vir jou brein om die positiewe raak te sien en dankbaar te wees.

Fil. 4:13 "Ek kan alles doen deur Hom wat my krag gee."

Met dankbaarheid in my hart, wens ek u en u gesin 'n baie geseënde Kersfees toe, kom ons gaan 2021 met dankbaarheid in ons harte, tegemoet.

Groete

**Danie Minnaar**





# Conclusion of the Suidwes Merger

***It has been announced that the date of the operational implementation of the Senwes/Suidwes merger will be Monday, 12 October 2020.***

**Annette Willemse**
Communication Specialist

Since the approval of the transaction in August 2020, a lot of planning has been done by the companies regarding the merger and the structuring of the different operational businesses.

"When two businesses merge, it inevitably results in tension, change and adjustment. The more common areas of tension relate to personnel and clients", said Francois Strydom, Chief Executive Officer of Senwes.

A logical consequence of a merger between companies in geographically bordering areas, is a focus on cost saving and the utilisation of synergies. Such a process brings about uncertainty for the personnel corps of both companies, since the principle of best-of-both is applied. Customers traditionally also do not like familiar processes to change, but it is part of the dynamics of mergers and typical of the restructuring of the value chain, which has actually been an ongoing process for the past two to three years. Naturally Covid-19 accelerated this process, as well as the shrinking of particularly the financing sector.

The personnel restructuring process is nearing completion and the processes which have an influence on the customer experience, will be executed and stabilised over the next few months. "For us it is business as usual, but it is inevitable that certain aspects will not run as smoothly as one would hope for", Francois added.

The understanding and patience of all parties during the process are highly appreciated - this is something which the



*Francois Strydom, Hoof Uitvoerende Beampte van Senwes.*

Senwes Group has gone through a few times and we know that initial scepticism will soon change to better service delivery.

We will provide the different stakeholders with more information in due course and thank all our clients and suppliers for their continued and loyal support.



# Senwes nou alleenbeheer oor Hinterland

***Die Mededingingstribunaal het die ontbondeling van AFGRI en Senwes se gesamentlike besit van die kleinhandelsnetwerk, Hinterland, goedgekeur.***

**Annette Willemse**
Kommunikasiespesialis

Volgens dié besluit, wat die gelyke vennootskap beëindig, het Senwes nou alleenbeheer oor Hinterland. Na die ontbondeling kry AFGRI die bates en ondernemings terug wat hy aanvanklik tot die gesamentlike onderneming bygedra het. Luidens 'n verklaring wat deur die tribunaal uitgereik is, is die transaksie goedgekeur op voorwaarde dat geen aflegging van personeel vir 'n tydperk van twee jaar sal plaasvind nie.

Hinterland is sewe jaar gelede gevorm na die samevoeging van Senwes en AFGRI se handelswinkels. Dié kleinhandelonderneming het 59 takke in ses provinsies en verkoop ysterware en produkte soos besproeiingstoerusting, selfdoenprodukte, dieregesondheidsprodukte, veevoer en brandstof.

Volgens Francois Strydom, Groep Hoof Uitvoerende Beampte, sal die herbelyning van dié kleinhandelsbesigheid tot 'n meer gefokusde diensaanbod lei. "Hierdie is 'n gulde geleentheid vir ons om te verseker dat ons nommerpas oplossings tot die mark voeg," sê Francois. Op sy beurt meen Jacob de Villiers, Hoof Uitvoerende Beampte van AFGRI, dat die onderskeie agri-besighede nou die geleentheid het om op hul individuele sterkpunte te fokus.

Die implementeringsdatum vir die ontbondeling was 1 Oktober 2020.



#BreakingNewGround
TECHNOLOGY THAT GIVES YOU THE LEADING EDGE
6110 B
JOHN DEERE
BENEFITS OF ATU 300
❖ Open station 6B Compatible (IP65 Rating)
❖ Quick steering calibration
❖ SF1 to RTK Accuracy
❖ ISOBus compatibility
❖ User-friendly guidance system
SENWES EQUIPMENT: PRECISION FARMING
Agricultural technology has developed from basic implements to highly technological precision farming equipment. It enables the producer to realise the optimum return on investment. Contact our call centre at 018 464 7550/3.
Senwes equipment
www.senwes.co.za

# Senwes Equipment: Challenge Training



***During the month of September, Challenge successfully concluded a series of training sessions within all the mechanisation branches of Senwes Equipment. Challenge, as a leading manufacturer of power transmission products, together with the support of Senwes Equipment, deemed it necessary to impart basic training knowledge of general mechanical engineering parts, such as bearings, chains, v-belts, etcetera to all front- line staff.***

**Luan du Toit**
Group Parts Manager

The objective of the training was to equip staff with knowledge and allow them to feel confident in order to interact with the farmer on a one-to-one basis, problem solving and being able to access the requirements of engineering parts as and when required.

The training sessions were done in a very informal manner and were well received by those who attended.

Challenge firmly believes in a structured training and development programme which will ensure that all mechanisation staff will have a continued consistent experience and background knowledge. Together, this will not only cement a long-term supplier/customer investment, but will also ensure that farmers will continue to source all their mechanical engineering parts from a "One Stop Shop", knowing that all their requirements will be met with a good brand, quality and service.

Challenge not only offers a wide range of agri-products which we continuously expand with new added lines, but also the full range of high quality general engineering consumable parts, such as sprockets, chains, couplings, industrial gearboxes and electric motors. Along with the VISTA range of bearings, Challenge is recognised as one of the leaders in the supply of quality branded power transmission products.

Challenge Agri would like to take the opportunity to wish both Senwes Equipment and the farmer a very successful and happy 2020 planting season.

#BreakingNewGround

# START 2021 FRESH WITH A NEW 8000 SERIES TRACTOR



## SENWES EQUIPMENT: WHOLE GOODS

Senwes Equipment is responsible for rendering mechanisation and maintenance services relating to agricultural equipment to the agricultural producer. Senwes Equipment is also a proud agent for John Deere delivering whole goods and spare parts from 27 outlets and 18 mechanisation workshops.

Senwes equipment

www.senwes.co.za



# DIE LANGTERMYN IMPAK
## VAN BRANDE OP LEWENDEHAWEBOERDERY

***Nadat brande die afgelope paar maande meer as 100 000 hektaar landbougrond vernietig het en tot die verlies van honderde vee en wild, asook skade aan infrastruktuur gelei het, val die fokus opnuut op die langtermynimpak wat sulke brande inhou. Dr Willem Lombaard van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat (UFS), deel sy kundige mening hieroor.***

**Annette Willemse**
Kommunikasiespesialis

### DIE HUIDIGE REALITEIT

Volgens dr Lombaard gaan geaffekteerde produsente waarskynlik nog steeds gebuk onder die gevolge van die 2015/16 droogte en bevind hulle hulself daarom nou selfs in ŉ meer benarde posisie.

Hy verduidelik dat produsente hulself tans in ŉ moeilike tyd van die jaar bevind omdat groen weiding nog nie geredelik beskikbaar is nie, beskikbare surplusse reeds elders aangewend word en baie veeboere se koeie kalf tans. Droë weiding alleen is gevolglik nie voldoende nie, veral nie vir die bykomende voedingsbehoeftes van koeie met kalwers nie en daarom word daar gebruik gemaak van produksielekke of byvoeding totdat weiding beskikbaar is.

Hierdie realiteit beteken dat boere wat deur die brande benadeel is, nie net 'normale' tekorte moet aanvul nie, maar ook bykomende voer moet bekom om die gaping wat die afgebrande weiding tot gevolg het, te vul. As koeie met kalwers nou hul goeie kondisie verloor, sal die diere se kans op herkonsepsie ook daal, wat minder kalwers vir die volgende seisoen tot gevolg sal hê.

### DIE RIMPELEFFEK VAN VERLIES

Volgens dr Lombaard kan die direkte koste verbonde aan die verliese van diere wat doodgebrand het, bereken word deur die markwaarde (of slagwaarde) te gebruik. Hierdie benadering kan egter lei tot ŉ oorwaardasie omdat diere nie altyd markgereed is nie, maar dit kan terselfdertyd ook tot onderwaardering aanleiding gee omdat die toekomspotensiaal van die diere nie in ag geneem word nie.

Om die werklike waarde van die verliese vas te stel, meen dr Lombaard dat daar na die indirekte koste gekyk moet word. Moontlike indirekte koste wat oorweeg kan word, sluit in byvoorbeeld die toekomstige potensiaal wat die diere tot die kudde kon bydra. Dit beteken dat geaffekteerde produsente nie net ŉ gedeelte van hul bestaande "fabriek" op die plaas verloor het nie, maar ook reeds ŉ deel van volgende seisoen se uitsette, in terme van kalwers en lammers. In sommige gevalle is groot gedeeltes van die produsente se vervangingsverse en ooie ook uitgewis.

Verder verduidelik dr Lombaard dat die verlore diere reeds aangepas was by die omgewing en sou hulle beter gevaar het as wat die geval sou wees as nuwe vee tot die omgewing bekendgestel sou word.

Ander indirekte koste wat in gedagte gehou moet word, sluit in die arbeid- en insetkoste wat reeds aan vee bestee is. Daarbenewens moet die moontlike laer produklewering van die oorblywende kudde ook in ag geneem word.

Dit is daarom, volgens dr Lombaard, duidelik dat die volle impak van die verwoestende brande nog vir die voorsienbare toekoms ŉ impak op boerderyaktiwiteite sal hê.

** Dié meningstuk het op die aanlynplatform, BizCommunity, verskyn.*

# UPDATE

## ON STATE LAND RELEASE

***The Minister of Agriculture, Land Reform and Rural Development, Thoko Didiza, announced the procedures to be followed when applying for state land.***


**Kefiloe Manthata**
Senwes Journalist

She also said that women and people with disabilities would be prioritised when allocating 896 farms measuring 700 000 hectares of underutilised or vacant state land, which will be advertised.

The Minister added that since the announcement by President Cyril Ramaphosa in his February 2020 State of the Nation address, the department has released 135 117 hectares of land to 275 farmers.

The advertisement notices were in the local, district and provincial newspapers, websites and local radio stations. Application forms are available at the district offices and provincial offices of the Departments of Agriculture, Land Reform and Rural Development as well at Municipal District offices. There will be a selection and adjudication process after the closing date for applications, which is yet to be announced. After due process has been followed, land will be allocated to the successful applicants. Unsuccessful applicants will have an opportunity to register their appeals to the Land Allocation Appeals Committee.

Beneficiaries who have been allocated land will have to undergo a compulsory training programme upon signing their lease agreements. The training will include entry-level training on the commodity of their choice, basic record keeping and basic financial management and enterprise development.





# Tegnologie en dienslewering

## 'n dubbeldooraanslag vir sukses

***Tegnologie en innovasie beïnvloed nie net die wêreld waarin ons leef nie, maar ook die manier waarop ons leef. Dieselfde geld vir landbou.***

**Annette Willemse**
Kommunikasiespesialis

Die eerste wêreldberaad vir intelligente boerderypraktyke het in Oktober in Duitsland plaasgevind en het verteenwoordigers van landboubesighede van regoor die wêreld byeen gebring. Gedurende die tweedaagse beraad is die nuutste tegnologiese tendense bespreek, terwyl nuwe toepassings op die proef gestel is. Hierdie toepassings sluit in kunsmatige intelligensie, masjienleertegnologieë, sensors, satelliettegnologie, presisieboerdery, hommeltuie en verskillende robottoepassings.

Terwyl die beraad opnuut die fokus op innoverende tegnologie geplaas het, is dit belangrik dat die landbousektor moet aanpas by die nuwe tendense ten einde volhoubaar en toepaslik te bly. Dit sluit in toegang tot nuwe tegnologie en onmiddellike dataontsluiting. Senwes Equipment streef daarna om in hierdie snel veranderende tegnologiese omgewing 'n innoveringsvennoot vir produsente te wees.

**TEGNOLOGIE FUTLOOS SONDER GEPAARDGAANDE DIENSLEWERING**

Met die aanvang van die vierde industriële revolusie sal nuwe tegnologieë nie net produktiwiteit verhoog nie, maar ook 'n belangrike rol speel in ekonomiese volhoubaarheid mits 'n ondersteuningsbalans gevind kan word. Volgens Etienne Nel, Bemarkingsbestuurder by Senwes Equipment, verteenwoordig intydse ondersteuning en volgehoue dienslewering die spreekwoordelike kantelpunt as dit kom by die effektiewe gebruik van nuwe boerderytegnologie.

Etienne verduidelik dat tegnologiese voortuitgang reeds duidelik te bespeur is in presisieboerdery, met trekkers en stropers wat onder meer oor grondmonsterneming, geografiese posisioneringstelsels en veranderlike toedieningstegnologie beskik.

Die gonswoord is en bly egter 'data' en volgens Etienne speel tegnologie 'n al groter rol in datagedrewe besluitneming. In hierdie verband stel presisieboerderytegnieke produsente in staat om, gegrond op omvattende data-analises, presiese voginhoud, grondgehalte en kunsmisbehoeftes vas te stel. Data wat deur middel van satelliettegnologie verkry word, help voorts om uitgawes drasties te besnoei, nie net in terme van regstreekse uitgawes soos water en misstowwe nie, maar ook operasionele uitgawes soos brandstof en die slytasie van heelwerktuie.

Nog 'n voordeel van hierdie tipe tegnologie is dat produsente, deur data-analise, die produktiwiteit van hul landerye kan meet en bestuur. Deur data patrone te vergelyk van een seisoen na die ander, kan meer doeltreffende toekomsbeplanning gedoen word.

Die gebruik van selfoontoepassings om produsente te help om hul boerderytoerusting beter te bestuur, is ook baie gewild. Alhoewel hierdie tegnologie nie nuut is nie, is die tempo waarteen die kompleksiteit van hierdie toepassings ontwikkel, wel noemenswaardig. Slimfoontegnologie en -integrasie maak dit byvoorbeeld vir werkswinkeltegnici moontlik om potensiële meganiese probleme te identifiseer na aanleiding van foutboodskappe wat aan diensoperateurs deurgestuur word, nog voordat die probleem fisies realiseer. Op hierdie manier kan die nodige onderdele onmiddellik bestel word en die gepaardgaande diensopsies kan oorweeg word. Staantyd as gevolg van meganisasieprobleme kan daarom heeltemal uitgeskakel word.

Vir meer inligting oor presisieboerdery en nuwe tegnologiese tendense, besoek die Senwes Equipment webblad: https://www.senwes.co.za/produkte-dienste/toerusting-implemente. S





# NOODROEP NA BRANDE VERWOESTING SAAI

***In een van die ergste brande nog dié seisoen en die afgelope paar jaar, is sowat 100 000 ha in die Boshof/Dealesville/Hertzogville area verwoes.***

**Annette Willemse**
Kommunikasiespesialis

Behalwe honderde stuks vee en wild wat doodgebrand het, het talle huise ook in die slag gebly

In 'n persverklaring wat deur Vrystaat Landbou (VL) uitgereik is, sê dr Jack Armour, Operasionele Bestuur van Vrystaat Landbou, dat die brande deur betogers gestig is wat blykbaar oor swak dienslewering betoog het. Die erge hitte en sterk wind het die situasie verder bemoeilik.

"Beeste het in sommige situasies sewe plase ver gehardloop om van die vuur te ontsnap", sê Armour. "Alhoewel daar geen lewensverliese was nie, is ons bewus van boere wat ernstige brandwonde opgedoen het en ons wens hulle 'n spoedige en vinnige herstel toe."

## BRANDSTIGTING WORD ONDERSOEK

Vrystaat Landbou is reeds besig om met behulp van sy grondvlakstrukture 'n opname te maak van die skade, maar op hierdie stadium blyk dit dat veral voerskenkings 'n ernstige behoefte is.

"Vrystaat Landbou verwelkom die feit dat die SAPD reeds 'n saak van brandstigting ondersoek en beskuldigdes reeds gearresteer is. Ons kan nie toelaat dat boere en plaaswerkers se lewens verder op risiko geplaas word in die huidige omstandighede as gevolg van kriminele aktiwiteite, soos brandstigting, nie," sê Armour

## ALMAL RAAK BETROKKE

Na afloop van die brande het Suid-Afrikaners hul harte én beursies oopgemaak en hulp het van alle oorde af ingestroom.

Die Senwes Groep het hulpverlening onder die vaandel van die AVC Food Umbrella-projek aangebied. Volgens Francois Strydom is dié projek juis in die lewe geroep met tye soos hierdie in gedagte: 'n tyd waarin mense hoop én hulp nodig het. Die projek is ontwerp om derhalwe noodleniging aan kwesbare individue en gemeenskappe, ook die versorging van lewendehawe tydens krisistye in te sluit.

Gegewe die groot behoefte wat daar na die brande vir veevoer bestaan, is 'n beroep vir bydraes gedoen wat via georganiseerde landboustrukture aan produsente wat deur die brande geraak is, versprei sal word. Skenkings kon gemaak word deur mielies by enige Senwes Grainlink silo op leweringsnommer 418688 te lewer met die verwysing #BrandHulp.

* Volgens Armour is die brande tans onder beheer, maar dele van die Wes-Vrystaat bly steeds 'n risiko weens die heersende hittegolftoestande

#BreekNuweGrond

# JOU GRAANHANTERINGS- EN -OPBERGINGSVENNOTE



**SENWES GRAINLINK EN SUIDWES GRAAN**

Met verhoogde silokapasiteit, 'n groter bedieningsgebied en meer dinamika diens Senwes Grainlink en Suidwes Graan produsente met pasgemaakte oplossings vir elkeen se unieke behoefte. Saam beskik die twee agribesighede oor 84 silokomplekse, 18 graanverkrygingskantore, 6 alternatiewe opbergingstrukture en 2 deurvoerpunte.

SUIDWES

Senwes grainlink

www.senwes.co.za • www.suid-wes.co.za

# Belowende plantseisoen wag op saaiboere

***Dit is planttyd in die Vrystaat, en saaiboere sien versigtig-optimisties uit na 'n goeie seisoen, gegewe die bevorderlike weerpatrone en die gunstige markpryse.***

**Annette Willemse**
Kommunikasiespesialis

Volgens Francois Strydom, Groep Uitvoerende Hoof van Senwes, is die verkope van saad, kunsmis, kalk en selfs werktuie hoër as 'n jaar gelede. Dié verkope kan as 'n leidende aanwyser beskou word vir die komende seisoen en die styging dien voorts as 'n redelike akkurate aanduiding dat boere beoog om meer te plant as 'n jaar gelede.

Dié vooruitsig stem ooreen met die syfers wat deur die Nasionale Oesskattingskomitee bekend gemaak is, en wat daarop dui dat kommersiële boere in die somerreëngebied van voorneme is om 5,81% meer mielies en 11,4% meer sojabone te plant.

Francois skryf hierdie gewaarwording toe aan die feit dat produsente gewoonlik sterk reageer wanneer die winsgewendheid van 'n graansoort styg, soos nou met witmielies die geval is. In vergeleke met vyf maande gelede, is die prys met tussen R400 per ton en R500 per ton hoër. Die prys van oliesade teenoor witmielies lyk ook heelwat gunstiger as 'n jaar gelede en indien dit goed reën, sal produsente ook heelwat meer sojabone en sonneblom aanplant.

* Lees die volledige artikel, soos dit op Landbou.com verskyn het, hier: https://bit.ly/366r60m






# HOW 4IR CAN BENEFIT YOUR FARMING BUSINESS

***The fourth industrial revolution (4IR) is starting to change how every agricultural player, from a family subsistence farmer to big commercial producers, produces food and related products.***

**Kefiloe Manthata**
Senwes Journalist

With the world changing at a rapid pace, farmers across the globe are beginning to make use of advanced technology to improve their business operations and increase profits.

The term 4IR covers a range of new and emerging technologies such as Artificial Intelligence (AI), Blockchain, the Internet of Things (IoT), Big Data and Drones. It further provides revolutionary methods of organisation, production and distribution based on digital transformation and automation that can erase limits between physical objects, turning them into comprehensive, complex systems of interconnected and interdependent elements. Hence, these technologies have the potential to have a positive impact on the productivity and profitability of the agricultural sector and the creation of new locally based added value.

Big Data and AI can help farmers gain access to complex information that can inform farming decisions. AI increases the value of collected data by analysing and converting it into information to support farm management decision-making. It can be applied at a range of magnitudes from converting data collected on individual animals and plants to the level of an entire farm by presenting information for crop planning and monitoring. Big Data and AI offer agriculture improved allocation and reproduction costs via the targeted allocation of inputs such as fertiliser and chemical applications.

Blockchain, on the other hand, can improve traceability, increase producers' earnings and secure contracts and transactions in agriculture. It also has the potential to create financial incentives for ecologically and economically beneficial production practices. Blockchain can also help increase earnings of producers in agriculture by providing better monitoring of their inventory and simplifying their food value chain, resulting in greater income for the farmers. A Blockchain by design is cryptographically secure.

The use of drone technology is especially exciting in that it can instantly improve everyday farm work and save vast costs in the process over time. Drone technology supports numerous major applications for agriculture, such as crop scouting and monitoring, crop inventory, precision spraying, inspection of farm infrastructure, generation of prescription maps, high-resolution mapping and surveying of individual field and crop damage assessment. Drone information can produce images that track changes in plants and indicate their health, helping farmers monitor their crops for diseases. Drones can also be used to monitor livestock remotely and potentially improve profits via timely monitoring and negating the need for physical inspections.

It is important for farmers to find the 4IR systems that will work best to elevate them to competitive status beyond the next 40 years.



# THE IMPACT OF LOCKDOWN ON THE FLOWER INDUSTRY'S BOTTOM LINE

***The agricultural sector has been lauded as one of the sectors that has kept the economy afloat during the difficult months following the hard lockdown that commenced on 27 March 2020.***

**Kefiloe Manthata**
Senwes Journalist

Along with agriculture being declared an essential service, good weather conditions boosted crop prospects, allowing farmers to plant 7% more hectares of grain and oilseed crops.

In many ways, some sections of the sector have indeed flourished, which is reflected in the latest StatsSA update showing that agriculture, forestry and fishing made had a 0,5% positive contribution to the country's GDP.

### THE OTHER SIDE OF THE COIN

For some agricultural businesses, however, the news has not been so good. One of the hardest hit industries within the agricultural sector has been floriculture. Restrictions placed on events and mass gatherings had a ripple effect on several businesses across the event supply chain. An entire industry was brought to an abrupt halt overnight and now farmers in the floriculture industry are facing eminent disaster if the restriction on events do not ease soon.

Flower production ranks as one of the most efficient contributors to development and growth in the South African economy. A Department of Agriculture report estimated the value of the local flower market at R240 million with export revenue valued at about R280 million. The labour-intensive industry employs an estimated 17 500 people whose jobs remain on the line until business can resume.

Floriculture is a perishable supply chain which means that farmers have a short timeframe to make maximum profits off their flowers before they wilt. The abrupt lockdown meant tremendous losses for farmers. Parties, functions and weddings were called off and event planners shut down their operations and with that came the cancellation of all orders of flowers. This inevitably meant that farmers would have to discard most of their harvests, losing thousands of rands.

### THE ROAD TO RECOVERY

There was renewed hope when the President announced that the country is moving to level 1 restrictions, which eased restrictions on events and awakened the flower industry from its extended slumber. It's a long road ahead, but the future of the South African flower industry is set to bloom again.




# Senwes Equipment

## now serving former AgriFriend customers

***Senwes and Suidwes operate similar businesses in the agri-sector, which means that various business units of these two businesses are duplicated. As a result, some of the duplicated business units will be consolidated to form a single unit.***

**Luan du Toit**
Group Parts Manager

In order to make the service experience at Senwes Equipment as pleasant as possible and to facilitate the transition period and the merging of Suidwes with the Senwes Group, some adjustments were made to Senwes Equipment operations.

A phased approach will be adopted to streamline the transition process. The operations at Hoopstad and Wesselsbron have already been integrated.

The Agrifriend mechanisation branch in Bothaville is closed. All warranty work on CASE, Fiat and New Holland will henceforth be done by the Northmec branch. The Agrifriend mechanisation branch in Wolmaransstad is closed. The Agrifriend spares counter at Wolmaransstad and Bothaville, which is currently located inside the Suidwes branch, will be moved to the Senwes branch. The new Agrifriend spares counters can be located at

Wolmaransstad - 8 De Villiers Street, Wolmaransstad

Bothaville - 8th Avenue, Industria, Bothaville

Due to the John Deere agency agreement, Senwes Equipment cannot carry out any guarantee work in respect of CASE, Fiat and New Holland equipment. However, repairs and specialist advice will still be provided, as in the past.

John Deere spares will be phased in at the Agrifriend counters. CASE, New Holland and sundry spares will still be available at the Agrifriend counters.

The maintenance of new model CASE, Fiat and New Holland whole goods will also not be done by Senwes Equipment workshops, although the maintenance of older generation equipment of these brands will be considered on a one-to-one basis.

Senwes Equipment is still dedicated to assisting you with anything from the latest equipment for precision farming to the acquisition and maintenance of new and used whole goods.

# SAVPO-leier
## meen varkvleisbedryf is toekomsfiks



Annette Willemse
Kommunikasiespesialis

**"As 'n bedryf moes ons oor die bestek van die laaste twee tot vier jaar baie uitdagings oorkom, maar ek glo dat die lesse wat ons geleer het, ons toekomsfiks gemaak het."**

Dit is die mening van Johann Kotzé, Hoof Uitvoerende Beampte van die Suid-Afrikaanse Vark Produsente Organisasie (SAVPO).

Hy het voorts gesê dat die bedryf 'n tydperk van groot teenstrydigheid agter die rug het. Aan die een kant het die bedryf goeie jaar-op-jaar groei geniet, terwyl dit aan die ander kant gebuk gegaan het onder uitdagings soos listeriose, bek-en-klouseer en Afrika-varkpes.

Johann het tydens 'n onlangse webinar gesels oor die stand van die bedryf, inaggenome die impak van die koronaviruspandemie.

### KRISISTYE MAAK BEDRYF STERKER

Volgens Johann is die veerkragtigheid van die varkvleisbedryf grotendeels te danke aan die lesse wat tydens vorige krisistye geleer is en die voorsorgmaatreëls wat gevolglik in plek gestel is. Hierdie lesse het veral betrekking op biosekuriteitsmaatreëls, voedselsekuriteit en die varkvleiswaardeketting.

Hierdie waardeketting het vroeër vanjaar onder die loep gekom tydens 'n aflewering van die aanlyngespreksforum, die Agricultural Value Chain (AVC) Virtual Discussion Series. Tydens hierdie gesprek het Johann verduidelik dat die varkvleiswaardeketting baie potensiaal het en dat 'n groter begrip veral nodig is in terme van die informele marksegment. "Sodra ons hierdie segment se verbruikersgedrag en verkoopspatrone beter verstaan, sal ons selfs groter waarde aan gebruikers kan bied," sê Johann. Hy voeg by dat die oorhoofse doelwit is om aan die Suid-Afrikaanse mark se behoeftes te voldoen en om groter voedselsekerheid te verseker. In hierdie opsig het die koronaviruspandemie die fokus opnuut op plaaslike produkte laat val en is die bedryf goed geposisioneer om 'n bydrae te lewer.



> “Om ‘n verskil in mense se lewens te maak, is die hoogste prioriteit.”
>
> *Francois Strydom, Hoof Uitvoerende Beampte van Senwes.*

# SENWES VIER 111 JAAR VAN WAARDETOEVOEGING

***Senwes se wortels is stewig in die landbou geanker en dié landboumaatskappy kyk in 2020 terug op ‘n ryk en trotse geskiedenis wat oor 111 jaar strek.***

**Annette Willemse**
Kommunikasiespesialis

Die verhaal van die Senwes Groep is gegrond op ‘n klantgerigte visie en getuig van innovasie en aanpassing van geslag tot geslag. In ‘n onlangse mediaonderhoud vertel Francois Strydom, Senwes se Hoof Uitvoerende Beampte, dat dié ingesteldheid op waardetoevoeging as 't ware die hoeksteen van die groep se besigheidstrategie is. “Om ‘n verskil in mense se lewens te maak, is die hoogste prioriteit,” sê Strydom.

## ‘N DROOM EN ‘N RIT TE PERD

Francois vertel dat dit alles vir die maatskappy begin het met die droom van ‘n groep mense met “ongelooflike visie” in die vroeë 1900’s. Op daardie stadium moes dié denkers nog boonop ver afstande te perd aflê om boere byeen te bring vir die stigting van die destydse Centraal Westelijke Co-Operatieve Landbouw Vereniging.

Gegewe die verloop van die geskiedenis en die talle uitdagings wat die hoof gebied moes word, meen Francois dat hierdie visie en deursettingsvermoë getuig van die veerkragtigheid en aanpasbaarheid van Suid-Afrikaners, en meer nog, van die georganiseerde landbousektor.

## ALMAL HET ‘N ROL OM TE SPEEL

Volgens Francois kan die sukses van die Senwes Groep nie toegeskryf word aan enkele individue nie, maar eerder aan die volgehoue insette en samewerking van almal binne die groep. Dit sluit personeel, besigheidsvennote, klante, aandeelhouers en die groter landbougemeenskap in.



# GEANKER IN LANDBOU

**Senwes**

## TUSSENTYDSE RESULTATE
OKTOBER 2020

## FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

**Omset**
**R3 517 miljoen** ▲ 80,0%
**2019:** R1 954

**Kontant uit bedryfsaktiwiteite**
**R440 miljoen** ▲ 29,8%
**2019:** R339

**Netto batewaarde**
**R16,3 per aandeel** ▲ 12,4%
**2019:** R14,5

**Verdienste voor rente, belasting, depresiasie en amortisasie (EBITDA)**
**R511 miljoen** ▲ 49,0%
**2019:** R343

**Wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die moedermaatskappy**
**R281 miljoen** ▲ 67,3%
**2019:** R168

**Verdienste per aandeel**
**164,1 s/aandeel** ▲ 64,6%
**2019:** 99,7

## DIVIDENDVERKLARING

**TUSSENTYDSE DIVIDEND PER AANDEEL:**
**32 SENT**
[2019: 30 SENT]

**REKORDDATUM:**
11 Desember 2020

**BETALINGSDATUM:**
14 Desember 2020

Dividendterughou-belasting sal van toepassing wees.

Vir die verhandeling van Senwes aandele, besoek **www.zarx.co.za**

## AANKONDIGINGS

Senwes het 'n 100% aandeel in die Suidwes Beherend Groep bekom op 12 Okober 2020. Die oorblywende 50% van die Hinterland Groep, na die ontbondeling van die Afgri takke, is ook deur Senwes bekom op 1 Oktober 2020. Die integrasie van die Suidwes Groep is in volle swang ten einde die sinergieë tussen die twee entiteite te kan ontsluit.

## OORSIG & VOORUITSIGTE

Weens die ontbondeling van Hinterland, die kleinhandelsbesigheid, die konsolidasie met Suidwes, wat teen Januarie 2021 op die laatste afgehandel sal wees, en die vinniger as verwagte herstel van die besighede in die portefeulje na die verslapping van die Covid-19 maatreëls, behoort die momentum voort te duur vir die volgende ses maande. Voeg hierby 'n normale tot bo-normale landbousiklus vir die somergraangebiede, en die Senwes Groep behoort goeie resultate te lewer teen 30 April 2021. Daar word egter voorsien dat opwaartse druk op kommoditeitspryse en die beskikbaarheid van kwaliteit witmielieprodukte sal verhoog gedurende die laaste kwartaal van die finansiële jaar.

## BESIGHEIDSEGMENTE

### FINANSIËLE DIENSTE

**BEDRYFSWINS VOOR BELASTING, NA FINANSIERINGSKOSTE** 7,9% ▼

| | |
|---|---|
| OKT 2020 | R93m |
| OKT 2019 | R101m |

Die produsent het sy oes teen 'n goeie prys verkoop voor, gedurende en kort na afloop van die oesproses. Aansienlike vlakke van kontant was in omloop, wat aanleiding gegee het tot goeie kredietbetalingsvlakke. Die laer kredietboek, tesame met laer agterstalligheidsvlakke, het die risiko tot 'n aansienlike mate gemitigeer. Dit het ook aanleiding gegee tot laer marges.

### INSETVERSKAFFING

**BEDRYFSWINS VOOR BELASTING, NA FINANSIERINGSKOSTE** 573,8% ▲

| | |
|---|---|
| OKT 2020 | R283m |
| OKT 2019 | R42m |

Die prestasie van die landboutoerustings-besigheid het verbeter sedert die vorige jaar, met 'n verhoging in totale omset van 74% vir die jaar tot datum. Die groter oes, die aansienlike hoër kommoditeitspryse, laer rentekoerse en goeie vooruitsigte vir die komende seisoen, het 'n positiewe impak op die landboutoerustingsmark gehad. Die Hinterland kleinhandels-, brandstof- en groothandelsbesigheid het ook beter resultate gelewer vir die eerste ses maande van die finansiële jaar weens 'n algemene positiewe landboujaar en goeie graanopbrengste.

### MARKTOEGANG

**BEDRYFSWINS VOOR BELASTING, NA FINANSIERINGSKOSTE** 25,0% ▲

| | |
|---|---|
| OKT 2020 | R170m |
| OKT 2019 | R136m |

Die finansiële jaar het afgeskop met lae oordragvoorraadvlakke en silo's was onder druk om graan en oliesade te verspoor. Die inname van graan met 'n voginhoud van 18% was egter weereens voordelig vir beide Senwes en die produsent.

Agri rewards | ONE Agri

**DIREKTEURE:** JDM Minnaar (Voorsitter), F Strydom (Hoof Uitvoerende Beampte)*, SF Booysen (Ondervoorsitter), CF Kruger (Hoof Finansiële Beampte)*, VJ Klein, AJ Kruger, NDP Liebenberg, GL Malherbe, JS Marais, FE Marx, JJ Minnaar, SM Mohapi, JPN Stander, WH van Zyl, JJ Viljoen en AG Waller. Maatskappysekretaris: EM Joynt. ***Uitvoerende**

http://senwes.co/resultate20b

**Senwes Bpk** (Registrasienommer: 1997/005336/06) | **Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570** | Tel: 018 464 7800 | **Webwerf: www.senwes.co.za** | Maatskappysekretaris: EM Joynt

# SENWES PRESTEER GOED IN COVID-JAAR

***Die finansiële resultate van die Senwes Groep toon ‘n verhoging in omset van 80% na R3,517 miljard (2019: R1,954 miljard), terwyl verdienste voor rente, depresiasie en amortisasie met 49% gestyg het, naamlik van R343m tot R511m. Kontantvloei gegenereer uit bedryfsaktiwiteite beloop R440m - 29,8% hoër as die R339m wat gedurende die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar gegenereer is.***

‘n Wins toeskryfbaar aan normale ekwiteitshouers van R281m is vir die eerste ses maande geëindig 31 Oktober 2020 aangeteken - 'n 67,3% verhoging vanaf R168m vir die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.

“Die eerste ses maande van 2020 sal altyd met die Covid-19 pandemie vereenselwig word, terwyl lae oordragvoorraadvlakke, laat aanplantings, oormatige reënval in April 2020 en die swak kwaliteit van graan soos wat die seisoen verloop het op Senwes Groep-vlak ‘n beduidende impak gehad het. Ondanks hierdie faktore, het die Senwes Groep beter presteer as wat aanvanklik verwag is. Die prestasie van die landboutoerustingsbesigheid het verbeter teenoor die vorige jaar, met 'n verhoging in totale omset van 74% vir die jaar tot op datum. Die groter oes, tesame met die aansienlik hoër kommoditeitspryse, laer rentekoerse en goeie vooruitsigte vir die komende seisoen, het 'n positiewe impak op hierdie mark gehad,“ sê Francois Strydom, Senwes Groep Hoof Uitvoerende Beampte.

Ander hoogtepunte is 'n interim dividendverklaring van 32 sent per aandeel (2019: 30s/aandeel), terwyl die netto batewaarde van die groep met 12,4% verhoog het na R16,3 per aandeel. Verdienste per aandeel van 164,1 sent is gelewer vir die eerste ses maande, wat 65% hoër is as die 99,7 sent/aandeel vir die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.

**VOORUITSIGTE**

“Weens die ontbondeling van die gesamentlike kleinhandelsbesigheid met Afgri, Hinterland, die konsolidasie met Suidwes, wat teen Januarie 2021 op die laatste afgehandel sal wees, sowel as die vinniger as verwagte herstel van besighede in die portefeulje na die verslapping van die Covid-19 maatreëls, behoort die momentum voort te duur vir die volgende ses maande,” volgens Strydom.

“Voeg daarby 'n normale tot bo-normale landbousiklus vir die somergraangebiede, en die Senwes Groep behoort goeie resultate teen 30 April 2021 af te lewer. Dit word egter voorsien dat opwaartse druk op kommoditeitspryse en die beskikbaarheid van kwaliteit witmielieprodukte gedurende die laaste kwartaal van die finansiële jaar sal verhoog,” sê Corné Kruger, Senwes Groep Hoof Finansiële Beampte

**EINDE**

Navrae: Francois Strydom
Groep Hoof Uitvoerende Beampte
Tel: +27 18 464 7115
francois.strydom@senwes.co.za
www.senwes.co.za



# SENWES KERSBOOMPROJEK SORG WEEREENS VIR PRET EN PLESIER



***Nie eens die koronaviruspandemie kon ŉ stokkie voor die jaarlikse Senwes Kersboomprojek ten bate van liefdadigheid steek nie. Al het hierdie jaar se projek baie anders daar uitgesien as in die verlede, was vrolike gesiggies steeds aan die orde van die dag.***

**Annette Willemse**
Kommunikasiespesialis

Die organiseerders het geen maklike taak gehad nie. Nie net moes hulle verseker dat daar aan die voorgeskrewe voorsorgmaatreëls voldoen word nie, hulle moes ook seker maak dat dié joligheid van groot pret en plesier getuig. So gesê, so gedaan.

## NUWE BAADJIE VIR ŉ TROTSE TRADISIE

Vanjaar is die Senwes Kersboomprojek vir die 13de keer aangebied, en vanweë die koronaviruspandemie moes daar aan ŉ rits voorsorgmaatreëls voldoen word. Om dié rede is daar nie oudergewoonte een groot partytjie by Senwes se hoofkantoor gehou nie, maar eerder nege kleiner partytjies in Klerksdorp, Orkney en Viljoenskroon.

## EN WAT IS ŉ PARTYTJIE SONDER KERSVADER EN GESKENKE?

Kersvader het op ŉ kleurvolle karnavalvlot sy verskyning by die meeste van die instansies gemaak en is luidkeels verwelkom, terwyl oud en jonk op die maat van opgewekte musiek gedans het. Sekere instansies kon, weens praktiese redes, nie met die vlot getrakteer word nie, maar is steeds bederf met geskenke en eetgoed. ŉ Rugsakkie gevul met lekkers en persoonlikesorgprodukte is aan elke van die ongeveer 600 partytjiegangers oorhandig.

Tussendeur die pret op die springkastele en waterwurms is daar heerlik gesmul aan boereworsrolle terwyl ŉ roomyskarretjie gesorg het vir ŉ ekstra (soet) lafenis teen die somerson.

Die vlot het vanaf 26 Oktober tot 4 November by die volgende instansies aangedoen:

- SAVF Rethabile Kinderhuis
- Daphne Lee Gemeenskapsorganisasie
- Janie Schneider Skool

- Manu Dei Skool
- Khaya Tshepo Huis van Hoop
- Triest Opleidingsentrum
- Voetlig Kinders
- Viljoenskroon Jeugsorgsentrum
- Atamelang Kinder- en Jeugsorgsentrum

Projek getuig van deernis en naaste liefde

Volgens Elmarie Joynt, Uitvoerende Bestuurder: Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikhei, lê die sukses van dié projek opgesluit in die harte en positiewe gesindhede van elke deelnemende personeellid. Hierdie personeellede het nie net tyd saam met die kinders en versorgers spandeer nie, maar ook as toesighouers en helpers opgetree en so die boodskap van deernis en naasteliefde uitgedra.

Dit was veral die projekkomitee wat, volgens Elmarie, 'n pluimpie vir hul harde werk verdien. Dié komitee, onder leiding van Jaco Steyn, het bestaan uit Sanmarie Schlebusch, Mariëtte Hugo, Linie van Staden en Hannetjie Burger.

**HARTLIKE DANK AAN BORGE**

Senwes en Thobo Trust bedank graag die volgende borge vir hul ondersteuning: Bosveld Slaghuis, Kingsley Klerksdorp, MJ Jump n Slide, Frans Joubert, NTL Traders Klerksdorp, Absa Bank Johannesburg, Bastion, Ben Botha, Brandbar (Pty) Ltd Pretoria, Certisure, Chané Pretorius, CSS Sekuriteit Klerksdorp, Datacentrix Midrand, Degesch South Africa Isando, Elmarie Weyers, Elsie Botha, Falcon Agricultural Equipment, Guttera Tours, Henriette Rainsford, Hettie Slabbert, Hinterland, Hinterland Fuels, ITR Technology, Jenny Harmzen, Jac N Coetzer Afslaers, Liberty CroisFin Kroonstad, Nedgroup Investments Kaapstad, Oasis Water Klerksdorp, @ Office World Klerksdorp, Old Mutual Pinelands, Orkney Refrigeration Services Orkney, Perfect Water Klerksdorp, Pure Water & Juice Distributers Klerksdorp, Senwes Credit, Senwes Equipment, Senwes Grainlink, Spar Baillie Park Potchefstroom, MCC Spar Klerksdorp, Sizabantu Piping Systems Klerksdorp, Staalmeester Agricultural Equipment Hartbeesfontein, Thuso Graan Wesselsbron, Tip Top Group Klerksdorp en Vaal Maseru Busdiens.












# SENWES AND THOBO TRUST LAUNCH NEW ECD CENTRE

***Senwes and its socio-economic development partner, Thobo Trust, recently celebrated the official launch of a new Early Childhood Development (ECD) centre at the Itokisetseng Combined School in Wesselsbron. The centre is the first of its kind at the school, which is a stone's throw away from the Senwes Losdoorns silo.***

**Annette Willemse**
Communication Specialist

The opening of the centre was officiated by Dr Dolly Dlavane, Chairperson of Thobo Trust, and Mrs Elmarie Joynt, Senwes's Executive Manager: Corporate Social Responsibility, and saw representatives of Senwes, Thobo Trust, the Itokisetseng School Governing Body, members of the regional Educational District and the Department of Social Development in attendance.

In her address, Dr Dlavane elaborated on the role of Thobo Trust as a catalyst of sustainable development in rural communities. She explained that the core focus










areas of the Trust are education, food security and infrastructure and that the new centre represented an exciting milestone in the developmental history of the school.

Mr Mandla Zwane, a board member of Thobo Trust, announced that the centre has been officially registered at the Department of Social Development and indicated that a special governing body has been instituted to see to the day-to-day running of the facility.

Senwes's Group Chief Executive Officer, Mr Francois Strydom, said that the project bears testament to the power of collaboration and thanked all role-players for their contributions and willingness to invest in initiatives such as the ECD-centre. He explained that the latest development at the school is transforming the school into a hub of possibilities and that it should be regarded as a model that can be replicated in other rural communities. "The community is at the heart of this initiative and by taking ownership and custodianship of the hub, they play an integral role in enabling the future," said Strydom.

In his address he also announced a sponsorship to the value of R100 000 by Cricket South Africa (CSA) to assist in the development of sporting infrastructure at the school. "This collaboration is just another example of how partnerships leverage resources, potential and opportunities to create sustainable impact," said Strydom.

* Thobo Trust provides a platform for the Senwes Group of companies to implement sustainable community development initiatives. These initiatives are aligned with the priorities set out in the National Development Plan (NDP).











#BreekNuweGrond

# **Senwes Equipment**, trotse verskaffer van 'n wye reeks onderdele




Maak Senwes Equipment jou vennoot in die landbouseisoen met bekostigbare pryse en gehalte diens op 'n wye verskeidenheid onderdele. Senwes Equipment is 'n trotse versakaffer van die volgende handelsmerke:

Senwes equipment

John Deere · Staalmeester · Falcon · Amazone · Willard Batteries – The Power of Technology · RovicLeers – Leading Farming Technology · Lemken · Sparex · Challenger · SKF

www.senwes.co.za





# VOORKOMS VAN SNYWURMS

## LAAT DIE GEVAARLIGTE FLIKKER

***Die voorkoms van snywurms in die somerreënvalstreek mag vanjaar ŉ potensiële uitdaging vir produsente inhou. Dit is die mening van kundiges by CropLife SA nadat verskeie uitbrekings van dié wurm deur klein en kommersiële produsente aangemeld is.***

**Annette Willemse**
Kommunikasiespesialis

Volgens ŉ verklaring wat deur CropLife SA uitgereik is, kom die grootste besmetting tans in Kwazulu-Natal, Limpopo, die westelike dele van Mpumalanga, die noordelike en oostelike dele van Gauteng, die Vrystaat en dele van die Oos-Kaap voor.

Terwyl mielieboere in Kwazulu-Natal grootskaalse skade aan pas aangeplante mielies aangemeld het, het produsente in die Vrystaat groot hoeveelhede van verskillende snywurmspesies opgemerk namate hulle saadbeddings vir aanplantings voorberei het.

### MEER OOR SNYWURMS

Snywurms verteenwoordig ŉ wydverspreide en baie algemene plantplaag en word as ŉ tipiese Lepidoptera-plaag beskryf. Laasgenoemde begin met motte wat gebiede met gewasse binnedring, paar en eiers lê. Sodra die eiers uitgebroei het, begin groot larwes jong plante aanval.

Die volgroeide larwes bly in die grond tot die einde van die winter en begin van die lente. In hierdie tyd oorleef die larwes van onkruid en wintergewasse. Gedurende Augustus en September vorm die oorwinterde larwes ŉ papie wat in ŉ papiesel in die grond voorkom en na ongeveer twee weke kom die eerste motte van die nuwe seisoen te voorskyn.

Dié grysbruin motte hou ŉ groot bedreiging vir mieliesaailinge in omdat hulle eiers op die blare van onkruid en opslag wat in die lande voorkom, lê. Na ongeveer ŉ week broei die larwes uit en na ŉ tweede vervelling, kruip die groot, vet larwes in die grond in en vreet snags aan saailinge.

Een larwe kan ŉ groot aantal mieliesaailinge in ŉ enkele nag vernietig.

### BEHANDELINGSOPSIES

Vroeë aanduidings is dat snywurms ŉ mate van weerstand ontwikkel het teen die piretroïdinsekdoders wat geregistreer is om snywurms te bekamp. In die lig hiervan word produsente aangeraai om hierdie insekdoders toe te dien teen die hoogste dosis, soos aangedui op die etikette, en so vroeg moontlik nadat die wurms uitgebroei het.

Produsente word aangemoedig om foto's van goeie gehalte met slimfone te neem en dit per Whatsapp na die CropLifeSA-noodnommer 082 446 8946 te stuur vir verifikasie en identifikasie deur spesialisentomoloë.

ŉ Lys van insekdoders wat vir die bekamping van snywurms geregistreer is, is op die CropLife SA Agri-Intel-databasis by www.agri-intel.com beskikbaar.



# Die lus vir aartappels nog lank nie geblus

***Die naam van Aartappels Suid-Afrika (ASA) se nuwe 'Amazambe for Life'-veldtog is ŉ mondvol!***

**Annette Willemse**
Kommunikasiespesialis

As jy in ag neem dat aartappels wêreldwyd die vierde grootste verbruikte voedselsoort naas mielies, koring en rys is, word dit gou duidelik dat die lus (en voorliefde) vir aartappels nog lank nie geblus is nie.

'Amazambane' is die Zoeloe-woord vir aartappel en die veldtog poog om nie net die veelsydigheid van dié knolgroente te beklemtoon nie, maar ook om die talle gesondheidsvoordele hiervan aan Suid-Afrikaners bekend te stel. Die aartappelwaardeketting staan sentraal tot die veldtog en volgens ASA is dit belangrik om verbruikers in te lig oor die verskillende rolspelers wat ŉ aandeel daaraan het om dié stapelvoedsel van die grond na die bord te bring.

Volgens Immaculate Zinde, ASA se bemarkingsbestuurder, poog die veldtog voorts om Suid-Afrikaners te motiveer om hul verhouding met aartappels te heroorweeg, veral in die lig van die feit dat baie gesinne sukkel om kos op die tafel te sit ten tye van die koronaviruspandemie. "Ons wil vir mense verduidelik hoe belangrik ŉ gebalanseerde dieet is en dat aartappels ŉ voedsame stapelvoedsel kan wees," sê Zinde en voeg by dat die veelsydigheid van aartappels daartoe bydra dat dit as die ideale styselaanvulling beskou word.

## GESONDHEID UIT DIE GROND UIT

Aartappels is propvol voedingstowwe soos kalium, vesel, vitamine C en koolhidrate en volgens Zinde, bevat ŉ enkele aartappel slegs 110 kalorieë. Dit moet ook nie uit die oog verloor word nie dat aartappels vetvry en cholesterolvry is, terwyl dit ook geen natrium bevat nie.

Volgens die World Journal of Cardiology, voorkom aartappels die vorming van skadelike vry radikale, wat in die liggaam ophoop en kan bydra tot chroniese siektetoestande soos hartsiektes, diabetes en kanker.

## ŉ LEWENSVATBARE BEDRYF

Die veldtog fokus ook op die impak wat die aartappelwaardeketting op die Suid-Afrikaanse ekonomie het. "Die toename in aartappelverbruik in Suid-Afrika gedurende die afgelope tien jaar bevestig dat die belegging in marktoegang en -ontwikkeling, sowel as generiese produkbevordering, vrugte afwerp," sê Zinde.

Sy voeg by dat ASA daarna streef om voortgesette ontwikkeling en omgewingsvriendelike bedryfstoestande vir die aartappelbedryf daar te stel, wat onder meer die behoud van natuurlike hulpbronne, die instandhouding van landbougrond en die verbetering van produksie- en bemarkingsmetodes insluit.

# Jou trots
## *ons passie*




*Kom ons gesels ...*

@Bayer4Crops
@DEKALBSA

Ons weet boerdery is nie net 'n werk nie. Dis 'n leefstyl. Dis hoekom ons daar is. Met ons passie vir innovasie, geanker in navorsing en ontwikkeling, gerugsteun deur die raad van kundiges en ondersteun deur volgehoue vennootskappe, bly ons streef na 'n beter toekoms vir ons land en vir jou, die boer. Om die nasie te rugsteun het jy 'n vennoot nodig wat agter jóú staan elke oomblik van die dag. Maak Bayer daardie vennoot in jou besigheid.

***Jou trots is ons passie.***

**Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07**
Wrenchweg 27, Isando, 1601.
Posbus 143, Isando, 1600.
**Tel:** +27 11 921 5002
**www.cropscience.bayer.co.za**
**www.bayer.co.za**

*Science for a* ***better life***

# GOOD NEWS

## FOR THE SOUTH AFRICAN CITRUS INDUSTRY

***At the beginning of 2020, the USDA Foreign Agriculture Service citrus annual report predicted that the South African citrus industry would continue to grow strongly in the production and export of soft citrus, lemons and limes in the 2019/2020 season.***

**Kefiloe Manthata**
Senwes Journalist

As we grow closer to the end of the season, all indications are that South African citrus exports are expected to continue growing aggressively, reaching record levels in this year. While the final export data will only be available towards the end of the year, the expectation is that exports will grow by 17% year on year this season.


In a year that was especially hard on exports, citrus is set to defy the odds as export figures are expected to fall just shy of the 150 million cartons mark. The official figure released by the citrus growers' association, now stands at a projected 148,8 million, which is approximately 20 million cartons more than last year's officially packed figure of 127,5 million.

If we take a closer look at production volumes, citrus fruit is the largest fruit industry in South Africa, which is mainly focused on the export market. The South African citrus industry is the largest citrus exporter in the Southern Hemisphere and accounts for more than 60% of Southern Hemisphere citrus exports. In addition to that, South Africa is the second biggest citrus exporting country, second only to Spain.

The citrus industry was able to bypass all challenges and setbacks that came as a result of the Covid-19 outbreak at the peak of the citrus season. They managed to quickly put measures in place to contain the crisis and emerge on the other side, reaching peak export volumes.

### NEW TRADE DEAL

In September 2020, Minister of Agriculture, Thoko Didiza, announced that South Africa had negotiated a new export agreement giving the South African citrus industry licence to export to the Philippines. This deal, which comes after 11 years of negotiations between SA and the Philippines, will give the booming citrus industry an even bigger boost. The biggest volumes of citrus imported by the Philippines are Mandarins, with over 80 000 tons imported between 2016 and 2018. This growth in the export market does well to balance and accommodate growing production in the citrus industry.



# DIGITAL LIVESTOCK

## IDENTIFICATION AND TRACEABILITY SYSTEM A FIRST FOR SA

***If there is one thing the Covid-19 pandemic has taught us, it is the importance of bio- and food security. This not only contributes to customer satisfaction, but also to market confidence.***




**Annette Willemse**
Communication Specialist

In light of this realisation, BeefLedger SA, recently developed the first-ever blockchain-enabled traceability solution for the South African beef supply chain. This digital livestock identification and traceability system can validate real-time farm to fork product authenticity.

According to Anzill Adams, Chief Executive Officer of BeefLedger SA, the platform represents a much-needed tool for greater transparency and accountability. He explains that the system will provide users in the beef industry with the value-added benefits of access to credible and authentic data, sales history, consumer feedback insights, streamlined payments, and heightened food security. The system will also contribute towards better disease prevention and more effective biosecurity management processes. It also has the potential to revolutionise the industry by supporting food provenance-driven value, preventing food fraud and creating more transparent markets for participants.

Adams furthermore believes that this technology will enable a fairer and more sustainable beef supply chain. "Credentialed food provenance creates an integrated link between various stakeholders, including government, leading industry players and smaller communal farmers.

The technology is introduced at a time when the demand for beef in Africa is expected to grow significantly. The United Nations Food and Agriculture Organisation (FAO) estimates that the consumption of beef will increase by 200% in Africa, between 2015 and 2050. This rapid growth will increase the pressure for credentialed product significantly.

Interest in blockchain is rapidly growing within the agricultural sector since it allows people to share recorded transactions in a digitised, decentralised data log that is stored on a network of computers rather than on a single database. Within the agricultural supply chain, blockchain technologies therefore promise not only increased efficiencies (through enhanced data management, lower transaction costs, optimised logistics and more robust traceability) but also enhanced food safety protocols.

Adams says that the future vision of BeefLedger SA is to develop a digital framework, in line with international standards and obligations, to implement similar technologies for other sectors including the wine, seafood and mining industries. Further integration is also planned into the halal, kosher, fair trade and organic food sectors where certified traceability is non-negotiable. S



# Feeding Africa's cities:
## AGRI'S FUTURE FOCUS

***Demographic forecasts indicate that Africa's rate of urbanisation is the highest in the world. This means that rapidly growing cities and food markets pose unique opportunities for the continent's estimated 60 million farms.***

**Annette Willemse**
Communication Specialist

These opportunities, along with predicted challenges and suggested policy interventions - with regard to accessing these urban food markets - are set out in the 2020 Africa Agriculture Status Report (AASR). The report, as co-ordinated and published by the Alliance for a Green Revolution in Africa (AGRA), was released on 8 September 2020 and is aptly themed: Feeding Africa's Cities.

The report puts it that smallholder agriculture should progressively focus on urban food markets, in order to position domestic suppliers as competitive, responsive and safe; to provide the right inputs to those markets; and continue to grow opportunities for young people within the agricultural sector. In short: agricultural value chains should adapt its traditional view of food systems and markets to drive food security, rural prosperity and inclusive economic growth.

### NEW VOICES WITHIN THE AGRICULTURAL SECTOR

According to Dr Agnes Kalibata, AGRA President, this process of adaptation promotes the inclusion of new voices within the agricultural sector.

It is his opinion that the rapid rate of urbanisation is shifting the centre of gravity in Africa's agri-food systems and as such a cohort of new, non-traditional voices must join the conversation with regards to agricultural policy. These voices include, amongst others: city planners, mayors, district councils, trade organisations and public health professionals.

### OVERCOMING THE PROBLEM OF URBAN UNDER-NUTRITION

While recognising the debilitating effects of the Covid-19 pandemic and its role in exacerbating existing economic and social inequalities, the report defines five focus areas in a bid to overcome the problem of urban under-nutrition.

The focus areas are:

- Improved urban food system governance.
- Efficient urban wholesale markets.
- Food safety regulation and enforcement.
- Regional free trade and agricultural policy harmonisation.
- Agricultural research focused on high-growth, high-value food commodities.

In addition to this, the report also highlights the importance of domestic food distribution systems, intra-African trade and food safety.

The report draws the conclusion that improved governance, performance and collaboration within the urban food system will create new and exciting opportunities for the continent's farmers.




Pannar se geelmieliepakket lewer deurgaans goeie resultate by verskillende opbrengspotensiaalvlakke, produksiegebiede en oor seisoene. Hierdie stabiele basters is wyd aangepas en agronomies goed gebalanseerd. Kies ons toonaangewende basters vir produksie onder droëland en besproeiing. Die volledige reeks groeiseisoenklasse en agronomiese eienskappe is die antwoord op jou unieke behoeftes en is spesiaal ontwikkel om jou sukses te verseker.

™ ® Trademarks of Corteva Agriscience and its affiliated companies. © 2021 Corteva. 2021/YMAIZE/LW/03

CORTEVA™
agriscience

PANNAR®

Saam boer ons vir die toekoms™

# PLOEG

## IS 'N 7-LETTER-WOORD.

En daardie 7-letter-woord is **Willard**.

Wanneer die ryk aarde voorberei word vir saad wat sal ontkiem in voedsel vir die nasie, het jy 'n betroubare battery-vennoot nodig. Die krag van die tegnologie in elke Willard® Battery verseker dat Suid-Afrika se 12.5 miljoen hektaar landbougrond bly bewerk word.

**Willard.** Die kragwoord vir vooruitboer.





Willard Batteries®
THE POWER OF TECHNOLOGY
willard.co.za



# IMPORTANT NOTICE

## TO CUSTOMERS OF AGRINET AND PRODIST

Agrinet

prodist
demand · supply · trust

***(Hinterland SA (Pty) Ltd t/a Prodist). As you may be aware, the Competition Tribunal approved the merger (as defined in section 12 of the Competition Act, 1998), between Suidwes Holdings (Ring-fenced) (Pty) Ltd and the Senwes Group on the 18th of August 2020. The effective date of the implementation of the merger was the 12th of October 2020, and subsequently, Agrinet is now part of the Senwes Group.***

The Prodist and Agrinet operations will be incorporated into one structure. With this integration, we look forward to continuing servicing you while adding strength to our existing teams, service levels and product offering. The management team you have learned to know in the last few years will continue to lead Agrinet in this new chapter.

The overarching objective of the structure promises a standalone wholesale business to ensure that we can service our customers to the best of our ability.

### SO, WHAT DOES THIS MEAN FOR OUR CLIENTS?

You will see very little change relative to your sales and product support. Operational changes will be made in the upcoming months that will enable the new combined business to continue to operate at maximum efficiency. In the coming days, you will be receiving more information to inform you of how this change will benefit your organization. You really will see significant benefits in the following areas: • Increased resources - more staff and an expanded support desk • Increased expertise (breadth and depth of staff knowledge) • Additional sales and customer service resources - overall more bandwidth to provide better customer experience • New product offerings • Increased service levels.

The implementation and integration of the two business operations will take place over the next few months. Please take note of the following arrangements to ensure the minimum disruption over the peak season period:

- The Prodist and Agrinet warehouses will still be fully operational until 15 December 2020. Orders can be placed at Prodist and Agrinet until 15 December 2020, on which date all warehouses will be closed to move all remaining stock to the Agrinet warehouses.

- From 4 January 2021, all customers will be served from Agrinet, and all operational activities will be moved to the Agrinet warehouses.

- The retail business will be serviced from Samrand and Bellville warehouses, and the mechanisation from the Bethlehem warehouse.

### CONTACT INFORMATION

Our existing Prodist and Agrinet staff will continue to provide the excellent level of service and support our customers have come to expect. Our entire team is very excited about the new venture and the ability to bring even more knowledge and resources to all our clients. We look forward to being able to combine our expertise and experience and become part of a larger and stronger team. We encourage you to visit the website at http://www.agrinet.co.za for more details.



# Senwes Credit
## spog met 'n nuwe baadjie

***Binne die konteks van die Suid-Afrikaanse landbousektor, sal die jaar 2020 verseker vir die Senwes Groep van maatskappye as ŉ waterskeidingsjaar bekend staan.***

Na die samevoeging van die Senwes en die Suidwes handelsmerke, het dié groep na vore getree as een van die land se grootste gekombineerde agri-besighede.

Een van die opwindende gevolge van die samevoeging is die totstandkoming van **Agri Credit Solutions**.

Senwes se kredietverskaffingseenheid, aan u bekend as Senwes Credit, word vanaf 1 Desember 2020 gekonsolideer met die Suidwes kredietverskaffingseenheid, Agri Capital, en sal voortaan bekend staan as Agri Credit Solutions, onder 'n nuwe opwindende handelsmerk. Die Senwes Credit handelsmerk sal egter bly voortbestaan. Agri Credit Solutions sal as drie divisies besigheid bedryf, naamlik Senwes Credit, Suidwes Credit en KLK Credit.

Hierdie samevoeging van besigheidseenhede sal tot hernude fokus op voortgesette diensverskaffing lei, terwyl die kliënt die speelveld van 'n groter gekombineerde landboubesigheid betree.

By Agri Credit Solutions verstaan ons die uitdagings wat produsente in die gesig staar, hetsy as gevolg van ŉ sukkelende ekonomie, onvoorspelbare klimaatstoestande of die onsekerheid wat verandering teweegbring. Ons reeks unieke en aanpasbare finansiële produkte stel ons in staat om die kliënt in elke besigheidstransaksie te ondersteun, terwyl ons kundige adviseurs met innoverende probleemoplossing kan help.

Besoek gerus die Senwes webblad vir meer inligting (www.senwes.co.za) of skakel 018 464 7300 vir meer inligting.

Agri credit solutions

Senwes credit

KLK credit

SUIDWES credit

Agri CS asset finance
A product of WesBank

# WEES WAAKSAAM TEEN BRUSELLOSE

***'n Drastiese styging in die voorkoms van Brusellose-besmetting in beeskuddes in Kwazulu-Natal is ŉ bron van kommer vir beesboere.***

**Annette Willemse**
Kommunikasiespesialis

Volgens die LUR vir landbou en landelike ontwikkeling in die provinsie, Bongi Sithole-Moloi, het meer as 400 beeste onlangs positief getoets vir die siekte. Die provinsie het sedert 2018 reeds 635 positiewe gevalle van dié siekte aangemeld, waarvan 423 in 2020 alleen aangemeld is. Volgens Sithole-Moloi het die nuutste uitbreking nie net ŉ impak op boerderyaktiwiteite nie, maar ook op verbruikers en die plaaslike ekonomie.

Alhoewel die onlangse uitbreek tot die noordelike gedeeltes van die provinsie beperk is en aan onvoldoende kuddebestuurspraktyke toegeskryf kan word, word alle beesboere gemaan om hul kuddes te toets en in te ent teen die siekte.

## MEER OOR DIÉ SIEKTE BY BEESTE

Brusellose, of besmetlike misgeboorte (BM), veroorsaak infertiliteit en misgeboortes (aborsies). Dit is 'n hoogs aansteeklike siekte en word deur besmette diere in die kudde ingebring. Dit kan ook deur roofdiere, wat geaborteerde materiaal na die plaas aandra, ingebring word.

Beeste kan die siekte opdoen deur dekking, of kontak met 'n besmette, pasgebore kalf, of geaborteerde materiaal, soos byvoorbeeld wanneer aan die plasenta, kalf of fetus geruik of gelek word. Die bakterie kan ook deur die oogslymvlies opgeneem of ingeasem word. 'n Kalf wat van 'n geïnfekteerde moeder gebore word, behou die siekte en dra dit sodoende voort.

Dit is dikwels moeilik om besmetting te identifiseer en tekens van die teenwoordigheid in 'n kudde sluit verliese deur aborsies, verlaagde melkproduksie en verlengde interkalfperiodes in. Besmette kalfies is dikwels swak en vrek kort na geboorte. Teruggehoue nageboorte, met gevolglike baarmoederinfeksie, kom by kroniese gevalle voor. Gewrigsinfeksies kom ook soms voor.


Indien rekordhouding onvoldoende is, kan dit lank neem om agter te kom dat daar 'n verlaagde produksietendens in die kudde is en die siekte kan vir jare lank in die kudde sirkuleer sonder dat die boer daarvan bewus is.

## BESMETTING VAN MENSE

Van groot belang is dat die siekte 'n soönose is.

'n Soönose is 'n siekte wat tussen mens en dier aansteeklik is. Dit veroorsaak Brusellose of Wisselkoors in mense en juis as gevolg van die feit dat dit na mense oorgedra kan word, is dit 'n beheerde siekte. Mense kan die siekte opdoen deur byvoorbeeld:

- in kontak te kom met geaborteerde materiaal,
- kunsmatige inseminasie van positiewe koeie,
- bystaan met kalwing,
- deur die gebruik van ongepasteuriseerde melk en suiwelprodukte,





- gedurende die melkproses kan die bakterie ingeasem word, of deur die oogslymvliese opgeneem word.

Die Brusella abortus-organismes kan vir agt maande in die geaborteerde fetus in die skadu oorleef, vir twee tot drie maande in nat grond, een tot twee maande in droë grond en drie tot vier maande in mis. Om verspreiding te voorkom is dit dus krities belangrik om enige geaborteerde materiaal dadelik te verwyder en te verbrand.

**INENTING IS NOODSAAKLIK**

Die siekte kan voorkom word deur inenting van verse tussen vier tot agt maande met die S19 of RB 51 entstof. Dié inenting moet opgevolg word met ten minste nog twee RB 51 entings. Volgens wetgewing moet alle verse tussen die ouderdom van vier en agt maande teen Brusellose ingeënt word

Produsente word egter gemaan om nie op entings alleen staat te maak nie, maar om ook die nodige voorkomende bestuursaspekte na te kom. Hierdie aspekte sluit onder meer in:

- Produsente moet net beeste koop of in hul kuddes toelaat indien hulle van 'n kudde afkomstig is wat gereeld vir die siekte getoets word.
- Moenie net op negatiewe toetsuitslae van aangekoopte diere staatmaak nie. Dit is veral belangrik waar nie-dragtige of vroeg dragtige verse aangekoop word, aangesien besmette verse dikwels eers positief toets wanneer hulle in die laaste derde van dragtigheid kom.
- Enige dier wat aangekoop word, moet getoets word en in kwarantyn geplaas word totdat die toetsuitslae bekend is.
- Die risiko vir besmetting word verhoog deur nie in te ent teen die siekte nie, diere aan te koop uit 'n kudde wat nie getoets is nie, nie grensdrade in stand te hou nie en vreemde diere op jou gronde te laat kom hetsy deur die deling van weiding of spekulasie met beeste.

Die Nasionale Dieregesondheidsforum beskik oor 'n inligtingswebwerf wat as platform vir die deel van noodsaaklike inligting en skakeling met kundiges kan dien. 'n Baie belangrike fokus van die webtuiste is om kennis oor Brusellose te deel. Besoek www.nahf.co.za vir meer inligting.



# SA wildbedryf:
## ŉ dekade van groei én bloei

***Die Suid-Afrikaanse wildbedryf het in die laaste dekade heelwat veranderinge en uitdagings beleef en gevolglik ŉ beduidende rol in die groter waardeketting gespeel. Dr Flippie Cloete, Hoof van Kommersiële Agri-Finansiering by Senwes, het tydens die program, Landbou Radio, sy siening oor dié bedryf gedeel.***

**Annette Willemse**
Kommunikasiespesialis

Volgens dr Cloete het die stabilisering van veral die teel en handel van die lewendehawesegment vir groot hoogtepunte gesorg. Areas van impak sluit onder meer in farmaseutiese ontwikkelinge (dieregesondheid), vervoer, voeding, veilingsplatforms en bemarking. Hy meen voorts dat die bekendstelling van wildversekering ŉ betekenisvolle bydrae gelewer het deurdat dit wildsboere en beleggers toelaat om hul risiko's te verskans, terwyl dit ook beleggingsbesluite vergemaklik.

Suid-Afrika is, volgens dr Cloete, besig om met ŉ hernieude dryf die jagbedryf, veral in terme van die internasionale jagmark, weer op dreef te kry na ŉ tydperk (2010 tot 2015) waartydens die fokus grotendeels op die teling van wild geval het. Gedurende hierdie tydperk het die land ŉ aansienlike deel van sy markaandeel teenoor lande soos Namibië verloor, gedeeltelik as gevolg van negatiewe telingspraktyke.

Wildveilings het, volgens dr Cloete, merkwaardige groei en ontwikkeling ervaar oor die afgelope tien jaar. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan ŉ konstante toename in pryse en die winsgewendheid van die meeste wildspesies. Hy verduidelik dat veilings voorts nie net ŉ aantreklike alternatief aan beleggers bied nie, maar ook as alternatiewe bemarkingsplatform gebruik word. Koop-en-verkoop tendense toon dat die prys vir groter wildsoorte (soos blouwildebees, gemsbok, koedoes en elande) bestendig vertoon, terwyl kleiner wildsoorte (soos springbokke, rooibokke en blesbokke) besig is om terug te sak na vlakke wat in 2005 behaal is. In hierdie verband speel kleurvariant ook ŉ rol omdat die aanbod voortdurend toeneem en pryse verlangsaam.

Die koronaviruspandemie het ŉ groot impak op die bedryf gehad en as gevolg van onder meer volgehoue reisbeperkings en gepaardgaande veiligheidsmaatreëls, sal die pandemie voortgaan om ŉ negatiewe uitwerking te hê. Die suksesvolle bestuur en ontwikkeling van stil- en aanlynveilings sorg egter vir ŉ veer in die hoed van die bedryf en volgens dr Cloete, verlig dié inisiatiewe nie net die druk op die veilingkalender nie, maar dit vergroot die reikafstand van veilingshuise terwyl die potensiële koper ook voordeel trek. Die koper kan in die gemak van sy eie huis aktief deelneem aan meer as een veiling op dieselfde dag, iets wat voorheen nie haalbaar sou wees nie.

Eksterne faktore wat ŉ impak op die bedryf het, sluit in die veranderende ekonomiese en politieke landskap, beleidsonsekerheid, dienslewering en aspekte soos grondhervorming, waaroor daar nog nie klarigheid is nie.



# Taking care of your indoor plants

***Indoor plants should be an essential component of every interior design. Greenery brightens up indoor spaces and are known to have mood-boosting qualities. There is something about bringing the green from the outdoors to the indoors that brightens up our homes and workplaces.***

**Kefiloe Manthata**
Senwes Journalist

The good news is, for all the brightness and beauty they add to your interior décor, indoor plants are very low maintenance. All plants require water, light, and food, but the trick to success is to practice moderation. Indoor plants are popular because they are relatively easy to take care of, provide health benefits and can be used in a variety of indoor décor themes. They are a great option for those who have little yard space for an outdoor garden or for those who live in climates with severely cold winters.

Good indoor plants will tolerate lower light and humidity. Also, they will be less likely to deal with pests. Plus, they usually do not grow too much. Some of the best indoor plants include:

- Aglaonema
- Succulents
- Dracaenas
- Philodendrons

To take good care of indoor plants, follow these simple guidelines:

## SOIL

Soil is not actually an accurate descriptor for the growing media used for indoor plants. A potting mix is your best bet at getting the required amount of equal parts peat moss, vermiculite, and compost. Orchids are the only indoor plants that require specific nutrients to grow and thrive. Make sure that the potting mix you get is specifically tailored to suit the needs of the plants you intend to grow. Change your soil regularly for optimum growth.

## WATER


Keep potting soil moist, but not wet. If your soil is either too dry or over watered, it can damage the plant's roots and prevent the plant from growing. In some cases, under or over watering your plant can also kill it. Plants with lush, thick leaves require more water than plants with waxy or leathery leaves. There is no specific frequency that works for all indoor plants. Instead, what you must do is determine what kind of plant you have and follow guidelines on how often to water it by doing research on its specific type.

## LET THERE BE LIGHT

Plants get energy for growth through a process called photosynthesis, which can only happen with light. Some houseplants need less light than others, but even low-light indoor plants grow weak and spindly without the light they need. Light-starved plants are also more prone to pests and disease. If you have a certain space or a certain plant in mind, research its light needs before you buy.

Remember to check for houseplant pests. Houseplant pests, such as mealybugs, scale insects and spider mites, can wreak havoc on your indoor garden. Even if you thoroughly check for pests when purchasing plants, some insects lay dormant and show up later, when you least expect them. Look for insects, holes in leaves, and sticky substances excreted by pests as they feed on a weekly basis. If you find pests, isolate the affected houseplant immediately to safeguard the rest of your plant family.

Kos vir die siel



Milanie Vosloo

# Jý kan mense inspireer. Positief beïnvloed. 'n Verskil maak ...

## iets van God vir hulle wys. Sommer net deur 'n manier van leef.

Ons almal ken mense wat ons inspireer. Mense wat eenvoudig met hul kalmte 'n stuk vrede oordra, met hul leefwyse 'n voorbeeld stel, met hul woorde wyshede oopbreek of met hul gewone manier van leef, 'n verskil maak. Die mooi is dat diegene wat ander mense inspireer, dikwels self nie bewus daarvan is nie, want om ander te beïnvloed, is nie noodwendig hul doel nie. Hul strewe lê daarin om – ondanks hul eie swakhede – te leef met hul hand in God s'n sodat hulle Sy wil makliker sal kan uitvoer. En omdat hulle dit regkry om hulself, hul eie selfsug, wil en siening eenkant te skuif, laat hulle God toe om werklik Here in hul lewens te wees, en wys hulle gewone lewens iets van God se vrede, liefde en trou aan ander.

Miskien moet ons meer dikwels daaraan dink dat, om iets vir God te doen, nie noodwendig beteken dat ons meer vir die kerk of ons gemeenskap hoef te dóén nie, maar dat ons, wanneer ons hart met die van ons Vader verbind is, eenvoudig deur ons alledaagse menswees ander op verrassende maniere kan inspireer om die regte dinge te doen, met 'n goeie-hart-ingesteldheid te leef en liefde te demonstreer.

Onthou: God is teenwoordig en aan die werk in ons kleinwees en onbevoegdheid wanneer ons Hom toelaat om in alles ín ons te wees. Dis dan wanneer Hy – die Ek-is-wat-ek-is – op misterieuse maniere 'n werklikheid in die wêreld is.

Wanneer jy soms twyfel of God jóú kan gebruik, onthou dan weer God se gerusstellende woorde aan Moses toe hy bang en onseker was om sy opdragte uit te voer in Eksodus 3:12: "Ek self sal saam met jou gaan."

*Here, dit verbyster my dat U mý kan en wil gebruik om ander te inspireer om meer te wees, maar ek aanvaar die uitnodiging. Help my om regtig so naby aan U te leef, dat dit vanself gebeur. U-wat-in-my-ís kan mos enige iets moontlik maak.*

# Cranberry Glazed Gammon with Sticky French Tarragon Honeyed Carrots

**Nicole Mclaughlin**
www.myrecipes.com/recipe/ginger-lemon-wellness-shots

The festive season is upon us and you might find yourself stressing about what you are going to put on the menu for your family get-together during the holidays. The best thing about gammon is that you can prepare it well in advance and then on the day (or even an hour before serving) you can prepare the glaze and finish off your gammon. Dazzle your family and friends with this delicious gammon recipe

**INGREDIENTS**

- 3kg gammon (approximate weight)
- 1 large onion
- 30 whole cloves
- 3 bay leaves
- 10 black peppercorns
- 4 tbsp brown sugar
- 250ml fresh orange juice
- 1 cup frozen cranberries
- 200g baby carrots
- 200ml water
- 2 tsp butter
- 3 tbsp honey
- 1 tsp dried French tarragon

**METHOD**

Weigh the gammon and allow 20 minutes cooking time per 500g. Place in a 29cm casserole dish.

Stud the onion with 10 of the cloves and then add it to the casserole, together with the bay leaves and peppercorns.

Fill up with water to just cover the ham. Bring to the boil on the stovetop and then reduce the heat and simmer covered for the calculated time.

Lift the ham out and remove the rind, leaving a thin layer of fat. Score the fat into a diamond pattern and press a clove into the centre of each diamond shape.

To make the glaze, place the sugar and orange juice in a saucepan. Bring it to the boil and then reduce the heat and simmer for about 5 minutes until a dark sticky glaze forms.

Add the cranberries. Spoon the glaze over the ham and bake for about 25 minutes at 180°C until the gammon is golden.

To make the honeyed carrots, put the carrots and water into a small pot. Bring to the boil and simmer uncovered for about 10–15 minutes or until the carrots are cooked but still crisp.

Drain off the excess water. Add the butter, honey and French tarragon, allowing the honey-and-butter mixture to caramelise for a few minutes and swirling the pot to cover the carrots.

# Hinterland

# FESTIVE savings

**4 - 24 December 2020**




R240.00 EACH

**SAVE R150**
**BUY 2 FOR R450.00**

BASECAMP
SPIDER CHAIR 100KG
6009513778141




R33.00 EACH

**SAVE R36**
**BUY 3 FOR R99.00**

REESE
CHARCOAL 4KG
6009900170404




R34.00 EACH

**SAVE R36**
**BUY 3 FOR R99.00**

REESE
BRIQUETTES 4KG
6009900170497




R18.00 EACH

REESE
FIRE LIGHTERS VALUE PACK
6009900170466

**BUY BOTH FOR R1,000**

Festive DEALS




R589.00 EACH

BOSCH GWS 700
ANGLE GRINDER
4059952506746




R589.00 EACH

BOSCH GSB 570
IMPACT DRILL
3165140990578




R650.00 EACH

OPTIMIZOR PREMIUM
DOG FOOD CHICKEN & RICE
40KG
6001069603939

**PARTICIPATING BRANCHES:** Bloemfontein | Bothaville | Bultfontein | Hartbeesfontein | Hartswater | Heilbron | Hoopstad | Jan Kempdorp | Klerksdorp | Koppies | Kroonstad | Oberholzer | Odendaalsrus | Ottosdal | Parys | Petrusburg | Potchefstroom | Theunissen | Tierfontein | Ventersdorp | Vereeniging | Viljoenskroon | Welkom | Wesselsbron | Wolmaransstad

Hinterland SUIDWES
Handelsmerke van Senwes | Brands of Senwes

# BETREE DIE WÊRELD VAN PRESISIEBOERDERY MET JOHN DEERE

## Ons nuwe generasie AutoTrac™ Tegnologie sal jou boerdery verder neem

- Verminder oorslag en oorvleueling
- Verbeter doeltreffendheid
- Outomatiese opstelling
- Soomlose verbinding met 'n wye verskeidenheid John Deere en ook mededingende toerusting



SIEN DIE VOLLE VIDEO HIER

FINANSIER JOU JOHN DEERE PRESISIEBOERDERY TEGNOLOGIE DEUR **JOHN DEERE FINANCIAL***

JOHN DEERE FINANCIAL

JOHN DEERE

*Finansiering gebou vir jou*

**John Deere Financial se krediet- en finansieringsprodukte word voorsien deur Absa Bank Beperk, 'n Gemagtigde Finansiëlediensteverskaffer en Geregistreerde Kredietverskaffer. Reg Nr NCRCP7.**

*Bepalings en voorwaardes geld en kontak besonderhede is beskikbaar by www.deere.com/sub-saharan.

www.deere.co.za
africa@johndeere.com
Kliëntediens: 080 098 3821

JohnDeereAfrica